

## Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Februarie 2016 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 49:3, 5 (p. 249)

- 3 Onvindbaar is vir ewig die rantsoen / wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.  
Geen mens het ooit, hoe sterk ook sy bestaan, / hoe wys of dwaas, die grafkuil kon ontgaan;  
Daar 's niemand wat die dood ontvlug, geeneen; / en magt'loos gaan die mensekind weer heen.  
Geen skatte volg hom op dié donker spore; / wat hy verwerf het, is vir hom verlore!
- 5 So 's dit met hom wat op homself vertrou, / en almal wat sy woord in waarde hou.  
Die dood, hul herder, lei hul dieper af, / hul volg hom ná soos skape na die graf.  
Dié wat opreg is, sien die môre straal, / maar trotsaards moet in donker dieptes daal,  
waar al hul grootheid brokkel in sy broosheid / en hul gestalt' verword tot wesenloosheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trosslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehag.

**Gebed**

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

**Skriflesing:** Galasiërs 3:1-14; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 5

**Kernvers:** Galasiërs 3:10-14

**Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.**  
(Galasiërs 3:10-14 AFR53)

**Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3 en 4, Artikel 5**

*Net soos met die lig van die natuur is dit ook gesteld met die Tien Gebooi, wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die Wet vlek wel die grootheid van die sonde oop en kla die mens hoe langer hoe meer van sy skuld aan, maar dit dui geen*

*geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Omdat die Wet dus deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, laat dit die oortreder onder die vloek bly. Daarom kan die mens nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie.*

### **'n Verduideliking van die artikel**

In artikel 4 bely ons dat die mens nie die lig van die natuur wat in om oorgebly het kan gebruik om tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer nie. As gevolg van sy verslawing aan die sonde en doodsheid in die sonde kan die mens die lig van die natuur nie reg gebruik nie. Net so is dit gestel met die Tien Gebooie – die mens kan nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie.

Die Here het inderdaad sy Tien Gebooie aan die Jode gegee sodat die verbondsvolk kan weet hoe hulle die Here se liefde vir hulle kan beantwoord. In die Tien Gebooie maak die Here immers bekend hoe die mense God en hulle naaste moet liefhê.

Indien 'n mens nie langs die weg van die Wet liefde aan God en sy naaste betoon nie, vlek die Wet die grootheid van die sonde oop. Dit wil sê, deur die Wet leer 'n mens wat sonde is en hoe erg die sonde is. Daarby is die Wet ook nog 'n aanklaer van die mens, aangesien die Wet telkens vir 'n mens duidelik maak waaroor 'n mens skuldig is voor die Here.

Die Here het glad nie bedoel dat die Wet 'n geneesmiddel vir die mens moet wees nie. Die Wet is ook nie bedoel om aan die mens krag te gee sodat hy uit die ellende van die sonde kan kom nie.

Die mens is weens sy sondige natuur te swak om die Wet reg te verstaan en honderd persent uit te voer om dank aan God te bewys. Daarom kan die mens nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie. Die mens kan nie deur die Wet te gehoorsaam tot bekering en geloof in Christus kom nie.

**Tema:** Die Wet is nie 'n leer waarmee die mens na God kan opklim nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in artikel 3 het ons gesien dat die mens so diep in die sonde geval het dat hy onbekwaam is om enigiets goeds te doen wat hom sou kon salig maak. Nog eenvoudiger gesê: Die mens kan uit sy eie niks doen sodat hy by die punt kan kom waar hy hom van sy sonde bekeer en in Jesus Christus begin glo nie. Daar is 'n eenvoudige rede vir hierdie onbekwaamheid – die mens is dood in die sonde en 'n slaaf van die sonde.

Daar is egter mense wat nie wil aanvaar dat die mens so sleg en boos is dat hy niks goeds kan doen nie. Daarom hoor ons dat mense sê daar is tog 'n bietjie goed in elke mens. Die Remonstrante – die dwaalleraars van die sestiende eeu – het gesê hierdie bietjie goed wat in die mens is, is die lig van die natuur wat oorgebly het na die sondeval. Die mens moet nou maar net leer om hierdie lig van die natuur reg te gebruik dan sal hy hom tot God kan bekeer. Ons het immers in Romeine 1 uit die Here se eie mond gehoor dat die mens nie in staat is om die lig van die natuur reg te gebruik nie.

Alhoewel die mens nie in staat is om die lig van die natuur reg te gebruik nie, hou sommige mense nog vol dat die mens self iets kan doen om na God terug te keer en hom tot God te bekeer. Daarom sê hulle dat die Here immers sy Wet deur Moses gegee het. 'n Mens moet maar net jou onvermoë oorwin en begin om die Wet te gehoorsaam. Dan sal die Here die gehoorsame mens mos in guns aanneem, want die mens gehoorsaam dan

die Wet van die Here. Die mense wat aan hierdie valse leer vashou, dink dat hulle die Here met hulle gehoorsaamheid aan die Wet kan oorreed om hulle te red.

Broers, susters en kinders, die mense wat so 'n hoë dunk van die mens het verval met dié dwaling in dieselfde valse leer as die Fariseërs en die dwaalleraars wat die gemeentes in Galasië verwar het. Nadat Paulus die evangelie van Jesus Christus tydens sy eerste sendingreis aan die mense in Galasië verkondig het, het daar valse leraars gekom. Hierdie valse leraars was Jode wat gesê het dat hulle ook in Jesus Christus glo, maar hulle was oortuig dat geloof in Jesus Christus alleen nie genoeg is om jou van die sonde te verlos en aan jou die ewige lewe te gee nie. Die mens moet self ook iets doen om verlos te word. Daarom het hulle aan die Christene in Galasië gaan vertel dat hulle ook nog die Wet moet gehoorsaam. Hulle gehoorsaamheid aan die Wet, saam met hulle geloof in Jesus, sou verseker dat hulle regtig verlos is.

In ons kernverse leer die Heilige Gees ons dat daar in werklikheid net een manier is waarop die mens gered kan word, en dit is nie deur die Wet te onderhou nie. Hierdie verse is van die uiterste belang om die Christelike godsdiens te begryp. In hierdie vyf verse gaan dit oor twee sake wat sentraal staan in 'n mens se verhouding met die Here.

Die eerste sentrale saak is om geregverdig te staan voor God. Geregtig voor God is die teenoorgestelde van skuldig en veroordeel te wees voor God. Dit is eie aan die mens dat hy deur ander aanvaar wil wees. Daarom is dit vir die mens ook belangrik om te weet wat moet gebeur sodat die heilige God hom sal aanvaar of aanneem.

Die tweede sentrale saak is die lewe wat die mens dan verkry. Hier word nie die aardse lewe bedoel nie maar die ewige lewe. En die duidelikste omskrywing van die ewige lewe hoor ons uit Jesus se mond:

**En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.** (Johannes 17:3 AFR53)

*Geregverdig* beteken dus om deur God aanvaar te wees en *ewige lewe* beteken om in gemeenskap met God te lewe. Hierdie twee sake is onlosmaaklik aan mekaar verbind. 'n Mens kan eers in gemeenskap met God lewe wanneer Hy 'n mens aanvaar het. Die vraag waarmee ons dan te doen kry is: Hoe kan 'n mens deur God aanvaar word en in gemeenskap met Hom lewe? Met ander woorde, hoe kan 'n mens geregverdig word en die ewige lewe ontvang?

Volgens die valse leraars is daar twee maniere om geregverdig te word en die ewige lewe te verkry. En dit is hier waar 'n mens regtig aandagtig moet luister, want die valse leraars sal vir jou uit die Bybel wys dat daar twee maniere is. Die een manier word in vers 11 genoem: **die regverdige sal uit die geloof lewe**. Hierdie woorde word uit Habakuk 2:4 aangehaal. Die ander manier word in vers 12 genoem: **die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe**. En hierdie woorde word uit Levitikus 18:5 aangehaal.

Sommer so met die eerste aanhoor klink die twee amper dieselfde. Albei aanhalings praat van iemand wat die ewige lewe sal kry. En albei hierdie aanhalings is tog die Woord van God. Maar kyk mooi hoe verskil hierdie twee aanhalings. In die een word die lewe belowe aan *die een wat glo* en in die ander word die lewe belowe aan *die doener van die Wet*. Die eerste sê geloof is die manier om gered te word, en die tweede een sê jy moet werk om gered te word. Die eerste sê net God kan jou regverdig maak, want geloof kom daarop neer dat jy God vertrou om die werk te doen. Die tweede een sê die mens is self in staat om gered te word. Die valse leraars het verstaan dat die Here twee maniere leer om

geregverdig te word en die ewige lewe te verkry. Maar is daar werklik twee maniere?

Om op hierdie vraag te antwoord moet ons luister na wat die Heilige Gees reeds in vers 10 vir ons sê. En nou wys die Heilige Gees ook boonop vir ons dat 'n mens nie net een versie kan aangryp en daarmee op loop gaan nie. Twee van die belangrikste sleutels om die Bybel te lees en dit te verklaar word hiermee duidelik gemaak. Lees 'n vers binne die konteks

waar dit geskryf staan en binne die konteks van die hele Bybel. Dit is die eerste sleutel. En die tweede sleutel is dat die Skrif met Skrif vergelyk moet word, want die Skrif is sy eie verklaarder.

In vers 10 haal Paulus die woorde van Deuteronomium 27:26 aan:

**Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.** (Galasiërs 3:10 AFR53)

Hier is veral twee woorde wat ons aandag verg. Die eerste woord is *alles*. Met *alles* word bedoel die hele wet – al tien die Gebooie. 'n Mens moet nie net al tien die gebooie woordeliks uit jou kop ken nie. 'n Mens moet *alles* doen wat in die wet geskryf staan. Dit beteken nie net dat 'n mens probeer en selfs hard probeer om die wet te gehoorsaam nie. Dit beteken ook nie dat 'n mens sekere van die gebooie nougeset nakom en ander probeer nakom nie. Dit beteken dat 'n mens in die fynste besonderhede elke gebod van die Here gehoorsaam soos wat Hy bedoel het.

As 'n mens uit die werke van die wet regverdiging by God wil verkry, is dit noodsaaklik dat 'n mens die wet honderd persent in elkeen van die gebooie moet gehoorsaam. Daar is geen ruimte vir die kleinste mislukkinkie of nalatigheid nie, want net honderd persent volmaakte werk is vir God genoeg. Wie die wet nie so perfek kan gehoorsaam nie, is vervloek deur God.

*Vervloek* is die tweede woord wat ons aandag vra. Met hierdie woord hoor ons wat God se houding teenoor die sonde is. Niemand sal ongestraf bly oor die sonde wat hy het en doen nie. God is nie 'n goedige vadersjapie wat mense se sonde as stoutigheid beskou nie. Hy is die regverdige, heilige God wat sondaars met die regverdige oordeel straf. *Vervloek* beteken dus nie om maar net oor die kole gehaal te word nie. Dit beteken om verwerp te word. Wanneer God iemand vervloek, gee Hy aan so iemand geen liefde, genade of sorg nie. Hy laat net sy oordeel, straf en toorn op so iemand afkom.

En as 'n mens nog wil volhou dat jy tog die Tien Gebooie honderd persent kan gehoorsaam, moet jy maar net luister wat Jesus self vir ons in die Bergpredikasje oor die sesde en sewende gebod leer (vgl. Matt 5:21-30). Die mens se tong en oë is die dele wat die moeilikste of glad nie beheer kan word nie. 'n Mens is nie net onskuldig aan die sesde gebod wanneer jy eerlik kan sê dat jy nog nooit moord gepleeg het nie. 'n Mens is ook nie volmaak gehoorsaam aan die sewende gebod as jy nog nooit saam met iemand met wie jy nie getroud is nie in die bed geklim het nie.

Wanneer 'n mens kwaad word vir iemand en daardie mens vloek en uitskel, selfs net in jou gedagtes, is jy reeds besig om die sesde gebod te oortree. Wanneer 'n man met begeerte na 'n vrou kyk of 'n vrou na 'n man met wie hulle nie getroud is nie, is hulle besig om die sewende gebod te oortree. Elkeen van ons weet hoe maklik dit gebeur dat ons een van hierdie twee gebooie oortree, soos wat Jesus sê. Dan besef 'n mens dat daar geen manier is dat 'n mens deur wetsonderhouding die guns van die Here kan wen nie. Geen mens kan homself vir die Here aanvaarbaar maak met sy gehoorsaamheid aan die wet nie, want

niemand kan dit doen nie. Daarom verkeer elke mens onder die vloek van God as hy nog nie wedergebore is deur die Heilige Gees nie. En telkens wanneer 'n wedergebore mens die Wet van die Here aanhoor, besef hy opnuut waar en hoe erg hy al weer teenoor die Here gesondig het.

In die laaste twee verse bring die Heilige Gees ons by Jesus Christus en sy volmaakte werk.

**Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.**

(Galasiërs 3:13 AFR53)

Ons kry weer 'n keer met die woord *vervloek* te doen. Christus het die ware gelowiges losgekoop van die vloek van die wet deur in hulle plek 'n vloek te word. Jesus Christus wat geen sonde gehad of gedoen het nie – Hy, die Heilige, die Seun van God – het in sy lewe op aarde elke gebod van God volmaak tot in die fynste besonderhede gehoorsaam. Wanneer ons lees dat Hy 'n vloek geword het vir die ware gelowiges, is dit omdat Hy hulle skuld en sonde op Homself geneem het.

Dat mense Christus gespot en gevloek het toe Hy op pad was na sy kruisdood en toe Hy aan die kruis gehang het, was erg, baie erg. Maar dit vergelyk glad nie met die vervloeking wat die Vader op Hom laat afkom het nie. Die toorn van God oor die sondes van die hele menslike geslag het op Christus afgekom omdat Hy 'n vloek geword het ter wille van gelowiges. Belas met die skuld van al die sondes van al die mense het Christus aan die kruis gehang. Belas met die godslastering van Paulus, belas met die verloëning van Petrus, belas met die moord en owerspel van Dawid, belas met my en jou sondes, het Christus aan die kruis gehang. En in die oë van die Vader was Hy die vervloekte by uitnemendheid, daarom het die toorn van die Vader oor al die sondes van al die mense Christus aan die kruis getref.

Christus het gewillig in ons plek 'n vloek geword en sy vervloek wees het hoorbaar geword in die vierde kruiswoorde wat Hy geuiter het:

**My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR53)

Paulus bevestig hierdie uitspraak dat Christus in ons plek 'n vloek geword het met die aanhaling van Deuteronomium 21:23:

**want een wat opgehang is, is deur God vervloek.** (Deuteronomium 21:23 AFR53)

In die Ou-Testamentiese tyd is mense wat die doodstraf verdien het, nie opgehang om op dié wyse te sterf nie. Die doodstraf is voltrek deur die veroordeelde met klippe dood te gooi. Die Here gee dan in Deuteronomium 21:22 en 23 die bepaling soos volg:

**En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang, dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die Here jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.** (Deuteronomium 21:22-23 AFR53)

Nadat die doodstraf voltrek is, is die lyk van die veroordeelde aan die paal of boom opgehang om vir almal te toon dat hy deur God vervloek is. Die feit dat die Romeine Christus aan die houtkruis vasgespyker het, was vir die Jode die bevestiging dat Jesus deur God vervloek is, want Hy is aan 'n paal opgehang.

Dit is dus nie die mens wat deur sy eie onderhouding van die wet die vloek oor die sonde van hom kan afskud nie. Die mens kan immers nooit die wet volmaak gehoorsaam soos wat God verwag nie – nie eers iemand wat wedergebore is kan dit doen nie. Maar Christus wat deur God gestuur is het dit gedoen en ook nog die regverdige straf wat mense verdien

op Hom geneem. Dit het Hy gedoen sodat die uitverkorenes deur die geloof in Jesus Christus die seën van Abraham kan ontvang. En hierdie seën van Abraham is om voor God geregverdig te staan en die ewige lewe te verkry. Om te glo is om staat te maak op die volmaakte en voltooië werk van Jesus Christus, want die mens kan nie self deur middel van die wet na God toe opklim nie.

Wie dus werklik van harte glo en vertrou dat Christus in sy plek die vloek ontvang het wat hy as mens eintlik verdien het en nie Christus nie, ontvang die seën wat Christus regmatig verdien het en nie die mens nie.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:2, 3 (24:2, 3)

- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,  
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;  
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,  
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.
- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,  
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.  
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,  
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
7 Februarie 2016